
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word

Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17



Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE LOOFHUTTEFEES

2-9 OKTOBER 2020

Die LOOFHUTTEFEES [tabernakels], ook bekend as SUKKOT [Hebreeus]. Het plaasgevind van die 15 de Tishri tot die 21 ste Tishri, met 'n spesiale Sabbat op die 22 ste Tishri – dit was die tyd van die finale insameling van die oes.

Ons haal twee gedeeltes aan uit Levitikus.

En die Here het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die 15 de dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die Here. Op die eerste dag moet daar 'n heilige vierdag wees; geen beroepswerk mag julle doen nie. Sewe dae lank moet julle aan die Here 'n vuuroffer bring. Op die agste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees, en julle moet aan die Here 'n vuuroffer bring. Dis 'n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie (Lev.23:33-36).

Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van die Here sewe dae lank voor die aangesig van die Here julle God vrolik wees. En julle moet dit as fees van die Here sewe dae in die jaar vier. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier. Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipte land uitgelei het. Ek is die Here julle God (Lev.23:39-43).

Lees ook asb. **Num. 29** om te sien hoeveel offerandes in daardie tyd aan die Here gebring moes word: 'n totaal van 70 bulle, ramme en bokke.

Let op **Deut. 16:16-17: Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die Here jou God verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die Here verskyn nie; Elkeen volgens die gawe van sy hand ooreenkomstig die seën van die Here jou God wat Hy jou gegee het.**

Die Hebreërs het van die begin af geleer dat hulle nooit MEER as God kon gee nie – hoe meer hulle vir Hom gegee het, hoe meer het Hy vir hulle gegee! VANDAG staan daardie prinsiep nog net só vas, daarom is dit altyd vir my só 'n hartseersaak as mense altyd NET DIE MINSTE wil afknyp vir God se saak: hulle tiende en dankoffers staan altyd onder aan hulle begrotingslysie, m.a.w. as hulle al hulle geld aan ander dinge bestee het EN DAAR BLY GENOEG OOR, sal die Here ook iets kry! Geen wonder mense het so baie finansiële probleme nie. As hulle ook maar net hierdie les van die Hebreërs van ouds wil leer nl. HOE MEER JY VIR GOD GEE, HOE MEER GEE HY VIR JOU! En die Hebreërs het vir GOD GEGEE met vreugde en feesvieringe. Hoe ver skiet ons nie te kort nie!

Die Jode sê dat die persoon wat nog nie in Jerusalem was tydens die Fees van die Loofhutte nie, nog nooit ware vreugdefeeste belewe het nie!

Hierdie laaste van die sewe FEESTYE VAN DIE HERE het die godsdienstige seisoen afgesluit: In die Bybel verteenwoordig die getal sewe volkomenheid en voltooiing. Só verteenwoordig die Loofhuttefees die voltooide werk van God in die huidige periode waarin ons lewe en die lewens van

die indiwiduele Christene. Dit is in ooreenstemming met die 7 de stap van ons WANDEL met God om geestelike volwassenheid te bereik en GOD SE RUS in ons siele te hê. Hierdie volwassenheid is nie 'n plek van sondelose volmaaktheid nie, maar 'n vlak van volwassenheid wat ons kan bereik wanneer ons geleer het om te RUS IN GOD, vir Wie Hy is en tevrede te wees in watter omstandighede ons onsself ook al mag bevind. Paulus het hierdie posisie van RUS IN GOD geken.

Behalwe die landbou karakter wat die Loofhuttefees gehad het, was dit ook ter herinnering van God se magtige redding van Sy volk uit Egipte en hulle 40 jaar van omswerwinge in die woestyn, toe hulle in tente en hutte gebly het.

Israel moes nooit hierdie 40 jaar vergeet nie toe hulle deur God se Hand gelei is en pelgrims was oppad na die Beloofde Land. Hulle moes ook onthou dat dit teweeggebring was deur ongehoorsaamheid. En so vir die laaste 3500 jaar hou die Jode die Sukkot, die Loofhuttefees. Hulle bou hutte met mure van gevlegte takke en grasgedekte dakke wat bedags vir hulle skaduwee bied en tog snags vir hulle die sterre laat waarneem. En sodat die sterre op hulle kan skyn soos hulle getrou die antieke opdrag van God gehoorsaam: **sewe dae lank moet julle in hutte woon…**

Soos hulle egter ook na die sterre kyk moet hulle onthou dat hulle ook slegs pelgrims is wat deur hierdie lewe reis en dat God vir hulle selfs 'n groter RUS het in die toekoms wanneer Hy sal kom om vir altyd by hulle woning te maak.

Jesus sal uiteindelik die Loofhuttefees verder vervul wanneer Hy met Sy Tweede Koms na die aarde kom. Daar sal dan 'n letterlike rus wees vir die planeet aarde en al sy bewoners. Maar tot dan kan die Kind van God, wel GOD SE RUS ken in Christus Jesus.

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en EK sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van MY, want EK is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele, want my juk is sag en my las is lig [Matt. 11:28-30].

Baie Christene soek egter **God se rus** op ander wyses, en nie deur Christus Jesus nie. Hulle probeer dit vind deur vir Hom te werk of iets van Hom te kry. Maar GOD IS ONS RUS deur 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus. Jesus GEE nie vir ons lewe nie: Hy IS ons lewe. Hy GEE nie vir ons gesondheid nie, Hy IS ons gesondheid. Hy GEE nie vir ons die Vrug van die Gees nie: Hy IS die Vrug en die Gawes van die Gees.

Hierdie is eenvoudig manifestasies van Sy eie lewe.

Baie Christene ondervind nooit die RUS VAN GOD nie, want hulle soek om dinge VAN Jesus te ontvang, i.p.v. om HOM te soek. Hulle soek die gawes eerder as die Gewer. Jesus GEE nie vir ons seëninge nie: Hy IS ons seën. HY IS ONS ALLES: HY IS ONS RUS. Dit is slegs wanneer ons NIKS MEER AS HOM BEGEER NIE, wat ons GOD SE RUS ondervind.

Daar is twee Joodse rituele wat gepaard gaan met die Loofhuttefees wat op 'n dramatiese wyse die verskil illustreer tussen die soeke na dinge VAN GOD en die soeke NA GOD. Jesus het daarop aanspraak gemaak dat al twee hierdie rituele na Hom verwys het.

Die ritueel van die “Uitstorting van die water in die Tempel” op die laaste dag van die Loofhuttefees wat die Jode noem “Hoshana Rabba” [Die dag van die Groot Hosanna]. Op daardie dag gaan die Jode se gebede in besonder oor God se verlossing deur die Messias. Hierdie ritueel het [a] 'n fisiese en [b] 'n geestelike betekenis.

Hulle het aan die begin van die winter reënval seisoen gestaan en het 'n spesiale dankoffer gebring vir die reën wat God nou vir hulle gaan stuur. Hulle het dit nodig gehad om die aarde te deurweek sodat hulle kon ploeg.

Die geestelike betekenis het daarin gelê dat dit na die komende Messias gewys het wat vir hulle die Lewende Water van Sy Gees sou gee.

Die ritueel van die “Uitstorting van die Water” is soos volg uitgevoer: 'n Sekere gesalfde priester het water gaan skep in 'n goue beker uit de Poel van Siloam. Hy neem dit dan na die Hoëpriester in die Tempel wat hierdie water uitgooi in 'n bak by die voet van die altaar. Vanuit 'n ander beker was wyn in dieselfde bak gegiet. Daar het die water en die wyn gemeng en deur spesiale afleipype gevloei terug na die Spruit van Kidron. Terselfdertyd het priesters die basuine geblaas en die Leviete en die volk het palmtakke [lulavs: Hebreeus] gewaai terwyl hulle **Psalms 113 tot 118** sing. [Lees hulle gerus].

Dit was die vreugdevolste dag van feesvieringe – en die eintlike hoogtepunt van die dag was die UITSTORTING VAN DIE WATER. Die reën seisoen sou begin en hulle het gebid en God geloof vir milde reën wat verwag word.

Jesus het hierdie fees in Jerusalem bygewoon uit gehoorsaamheid aan die Wet. Net toe die vieringe die hoogtepunt bereik het met die uitstorting van die water, het Jesus 'n aangrypende deklarasie gemaak:

En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat die sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie [Joh. 7:37-39].

2. “Die verligting van die Tempel.” Tienduisende pelgrims wat na Jerusalem gekom het vir die fees het in die Tempel area saamgedrom, en elkeen het 'n brandende fakkel gehad. Die ganse stad was verlig vir kilometers aan een. Weereens is hier [a] 'n fisiese betekenis en [b] 'n geestelike betekenis aan verbonde.

[a] Baie sonskyn was nodig saam met die reën vir 'n gunstige landbou seisoen. Die Jode het God gedank vir die sonskyn wat Hy sou gee.

[b] Hulle het ook erken dat God Self die Ware Lig is wat aan hulle geestelike Lig en Lewe sou gee deur die Messias.

Weereens het Jesus 'n aangrypende verklaring gemaak:

En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.

By albei hierdie spesiale Fees hoogtepunte, het Jesus duidelike en kragtige verklarings gemaak dat HY die WERKLIKHEID was na wie hulle gewys het. Hy het gekom om hulle geestelike dors te les en hulle geestelike lig en lewe te gee. TOG HET HULLE HOM VERWERP. Hulle het Hom om twee redes verwerp. Die eerste rede is dat hulle, hulle godsdienstige rituele en tradisies baie hoog geag het, selfs hoër as God.

Die tweede rede is dat hulle meer geïnteresseerd was in wat God vir hulle polities kon doen [hulle verlos van die Romeinse juk] as was Hy vir hulle geestelik kon doen [hulle verlos van die sonde]. Die gevolg was dat hulle die RUS wat Jesus aangebied het, MISGELOOP het en hulle het rustelose swerwers geword vir die afgelope 2000 jaar, nie net as 'n volk nie, maar in hulle siele ook.

Al hierdie voorafgaande kan die Christen baie persoonlik in sy eie geestelike lewe toepas. VANDAG is daar vir die Kind van God 'n RUS vir sy siel, sowel as die toekomstige hemelse rus. Die skrywer van die Hebreërbrief verduidelik wat ons moet doen om hierdie RUS binne te gaan. Hy begin deur ons daaraan te herinner dat God 'n rus gehad het vir die Hebreërs, maar hulle het nie in daardie rus ingegaan nie.

Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie, waar julle vaders My versoek, My beproef het en my werke veertig jaar lank gesien het. Daarom het Ek vertoornd geword op daardie geslag en gesê; Altyd dwaal hulle met die hart. Maar hulle het my weë nie leer ken nie, sodat Ek in my toorn gesweer het: Hulle sal in my rus nie ingaan nie [Heb. 3:7-11].

Dit was God se begeerte om die Hebreërs in die Beloofde Land in te lei: die land van RUS. Maar 'n hele geslag het dit nie gemaak nie. Hulle het gesterf in die woestyn omdat hulle ongelowig en ongehoorsaam was en so hulle harte teenoor God verhard het. Die Hebreërbriefskrywer waarsku ons teen dieselfde houding.

Wie was dit dan wat gehoor het en Hom verbitter het. Was dit nie almal wat onder leiding van Moses uit Egipte gegaan het nie? En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie? En aan wie het Hy gesweer dat hulle in Sy rus nie sal ingaan nie behalwe aan die ongehoorsames? En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie [Heb. 3:16-19].

Die Hebreërs wat uit Egipte land getrek het en in die woestyn gesterf het, is egter gered, maar hulle het NIE GOD SE RUS binnegegaan nie. Lees **Num. 4:19-23.**

In die Bybel simboliseer Egipte die wêreld se sisteem. Die Beloofde Land verteenwoordig GOD SE RUS. Die woestyn lê tussen- in. Wanneer 'n mens Jesus aanneem as Verlosser, red God hom uit 'n tipe van die geestelike Egipte. Ons kom uit Egipte die oomblik wanneer ons Christus in ons lewens ontvang. Maar Egipte [die weë van die wêreld] kom nie altyd uit ons uit nie – altans, soms vir 'n lang ruk nie.

Net soos die Hebreërs van ouds, sal ons as Christene nie GOD SE RUS in ons lewens geniet nie, behalwe as ons met Hom wandel in liefdevolle vertroue en gehoorsaamheid. God wil hê ons moet NOU sy rus betree in ons siele deur 'n daaglikse, toegewyde lewe.

Soos God dus die Hebreërs d.m.v. die FEESTYE VAN DIE HERE deur die SEWE STAPPE tot SY RUS gelei het [die FEESTYE was visuele hulpmiddele daartoe], is daar ook hierdie SEWE STAPPE vir elke gelowige om IN GOD SE RUS IN TE GAAN en DAAGLIKS, daarin te lewe.

Laat ons dan net weer vlugtig daarna kyk:

Stap 1: Aanvaar Jesus as die Paaslam: ondervind só die wedergeboorte. Dan ondervind jy God se VREDE [die PAASFEES was hieraan gekoppel].

Stap 2: Breek met sonde; kom uit die wêreld uit; raak ontslae van die “ou mens van sonde” [die FEES VAN DIE ONGESUURDE BRODE].

Stap 3: Staan op uit die “graf van sonde”; “beklee jou met die nuwe mens” en wy jouself geheel-en-al aan God. [Die FEES VAN DIE EERSTELINGE].

Stap 4: Sorg dat jy gevul word met die Heilige Gees sodat God se KRAG deur jou kan werk om Sy getuie te wees en 'n kanaal te wees waardeur SY KRAG na ander kan vloei [PINKSTERFEES].

Stap 5: Trek die volle wapenrusting van God aan [beklee jou met die Here Jesus Christus die “horing van jou heil”] want jy sal geestelike strydvoering

.

moet doen teen die bose magte van Satan in die lug. [die FEES VAN DIE BASUIN].

Stap 6: As Christen gaan jy deur beproewings en toetse van jou geloof, maar dit help jou om sterk te word in Jesus en deur Hom OORWINNING te beleef. Jou geloof word gelouter soos fyn goud. [Die GROOT VERSOENDAG]

Stap 7: God lei jou IN SY RUS in as ons Hom met geloof en gehoorsaamheid dien. Dit gaan nie langer vir jou om wat jy van God kan kry nie, maar dit gaan vir jou OM HOM vir Wie Hy is. HY IS jou vreugde, jou voorsiening, jou gesondheid, jou RUS. [Die LOOFHUTTEFEES].

Wat van die PROFETIESE en RESTORASIE aspek van die Loofhuttefees? Dis baie interessant. Soos jy dalk weet het daar die afgelope jare 'n toenemende ywer by Christene ontstaan om ook elke jaar tydens Sep/Okt. op te gaan na Jerusalem en deel te neem aan Loofhuttefeesvieringe, wat op 'n georganiseerde wyse in Jerusalem aangebied word, huidiglik deur die Internasionale Christelike Ambassade daar. Die Skrif vers wat Christene meer en meer op ag slaan is **Sag. 14:16: En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die Here van die leërskare, en om die huttefees te vier.**

Christene wat dan op grond van die Skrif gaan deelneem aan hierdie feestelikhede in Jerusalem, voel dat hulle ook daardeur God se natuurlike volk, Israel, seën en troos, volgens die opdrag in **Jes. 40:1-2: Troos, troos my volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die Here dubbel ontvang het vir al haar sondes.**

Die meeste Bybelstudente glo dat Sag. Hfst. 14 spesifiek deel met die tweede koms van ons Koning Jesus, Armageddon en die Duisendjarige Vrederyk. Is daar enige profetiese bewys dat die Loofhuttefees deur God se Kinders gehou moet word vir die geestelike betekenis daarvan voor die 1000 jarige Ryk?

Die profetiese verhaal van Nehemia en Esra wat die Kinders van Israel gelei het terug na Jerusalem na die 70 jarige ballingskap in Babilonië, het sekere parallelle vir die herstel van ons dag. Hierdie verhaal van die terugkeer van God se Volk vanaf Babilon om hulle land weereens in besit te neem, Jerusalem te herbou, die Tempel te herstel en God se Wet weer opnuut te gehoorsaam, is 'n direkte profesie en openbaring van die nasie van Israel en ook van die geestelike herstel van God se Kerk vanuit haar geestelike Babilon van verwarring en mensgemaakte tradisies, na die weë en waarhede van die Ewige God.

Die Griekse teks gee ‘'n uitstekende vertaling van **Joh. 1:14: En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon (tabernakel).** Let op dat dit toe Sep/Okt. was en beslis nie Desember soos menslike instellings die geboorte tyd van Jesus Christus bepaal het nie.

Die implikasies van die Bybel dat die loofhuttefees 'n “ewigheids-instelling” is, is baie sterk. Eerstens, dit is deur God bepaal dat dit een van die “verewig” feeste van die Here sal wees in die Ou Testament **(Lev. 23)**. Ons het reeds gemerk dat dit jaarliks dwarsdeur die duisendjarige Vrederyk gevier sal word. **Sag. 14:16-19 en Openb. 7:14-17** bevestig dit.

Openb. 21, wat die nuwe hemel en die nuwe aarde openbaar ná die 1000 jaar, het ook blykbaar kommentaar op die ewigheidswaarde van die Loofhuttefees; **Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon (vers 3). En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam (vers 22).**

Vir die gelowige is daar die wonderlike plek van “tabernakel” (om te woon) en dit is IN CHRISTUS. Só is Hy ons dekking (beskutting), en wanneer die dae van die Eindtyd waarin ons lewe net in ellende toeneem, gaan die gelowig net meer en meer leer van hierdie aspek, nl. om IN CHRISTUS te wees.

Die Psalmis Dawid het mos daardie aangrypende psalm geskryf oor die Here as ons woonplek (tabernakel) en ons beskutting: **Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser. Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie (Ps. 91:1-5).**

En dan, ten slotte, **Jes. 51:11: So sal dan die losgekooptes van die Here teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry; kommer en gesug vlug weg.**

Só sal dit wees vir die Kind van God wat by Christus bly en by wie God Self Sy woning gemaak het. Ons glo dus dat die Christene met vrymoedigheid reeds nou die Loofhuttefees kan vier in hierdie laaste dae van RESTORASIE en VOORBEREIDING vir die komende Koning en Sy Koninkryk, nie in die tipe en afskaduwing en wettiesheid van die Ou Testament se formaliteit nie, maar in Sy Nuwe Testamentiese vervulling en openbaring, in Jesus Christus onse Here, wat die “tabernakel van God by die mense” is.

A SACRIFICE OF PRAISE

When one thinks about the benefits and blessings of God that come as a result of our obedience to His instructions in His Word, our gratitude and love should motivate us to a life of service to Him. When we talk about "serving", we usually interpret it to mean waiting upon someone or assisting them e.g. a waiter serves one in a restaurant. When we talk about "serving" God, it includes, "ministering" to Him.

We are admonished to "minister" to one another in the Body of Christ- each one of us has a ministry, and as we ask Him, the Lord will reveal to each one of us what our special ministry is. For example, one person may have a ministry of exhortation – encouraging and uplifting the other. Another may have a music ministry - helping others to live a life filled with praise. Still another may have a ministry of caring for children, the elderly, the poor, orphans, widows, etc. Someone who is a counsellor has a very special ministry – showing God's mercy and giving of themselves to those who are in difficult circumstances and feel they cannot cope.

God has equipped each of His children to serve others, not only those in the body of Christ, but also mankind as a whole. This is especially important, as the unsaved are more likely to be drawn into the Kingdom if they see Christians practising what they preach!

God created us to minister to Him, and we do this by praising and worshipping Him as our King and our God who created us for this purpose, and who loves us so much that He sent His Son to die on the cross to save us and to heal us. (John 3:16)

God has made us to be kings and priests for Him. (1 Pet. 2:9): **But ye are a chosen generation, a royal priesthood, a holy nation, a peculiar people; that ye should show forth the praises of Him who hath called you out of darkness into His marvellous light.**

As "priests" of God, we no longer bring Him the sacrificial offering of animals in the Old Testament, but we now bring a spiritual offering. Hebrews 13:15 says: **By Him therefore let us offer the sacrifice of praise to God continually, that is, the fruit of your lips giving thanks to His Name.**

In Ps. 51:15 we are told that praise is the sacrifice we must bring to God.

There is a difference between praise and worship. When I speak about worship, I am not speaking about prayer but about worshipping God for Who He is.

PRAISE is thanking God for what He **does** for us, and worship is ministering to Him for **Who He is.**

SEVEN HEBREW WORDS FOR PRAISE

HALLAL – To praise the Lord by celebrating by dancing by shining forth, by acting clamorously foolish. A very robust liberating kind of praise.

Psalms 150 Hallal ye the Lord, Hallal God in His sanctuary: Hallal Him in the firmament of His power.

SHABACH – To praise the Lord with a shout and a loud voice.

Psalm 63:3 Because thy loving kindness is better than life, my lips shall Shabach thee.

YADAH – To praise the Lord with the hands and hand movements.

Psalm 138:2 I will worship toward thy holy temple, and Yadah thy name.

TODAH – The sacrifices of praise which amplifies a sustained singing. Also refers to praising the Lord as a processing choir or parade.

Psalms 50:23 Whosoever offereth Todah glorifieth Me.

ZAMAR – To praise the Lord with the playing of an instrument.

Psalm 108:1 O God, my heart is fixed; I will sing and give Zamar.

TEHILLAH – A praise from your spirit. The residual song of the Lord from the heart of the believer. Psalms 22:3 **But thou are holy, O thou that inhabitest the Tehillah of Israel.**

BARAK – To praise the Lord by kneeling or bowing.

Psalms 95:6 O come, let us worship and bow down: let us Barak before the Lord our Maker.

When you praise the Lord, you bless Him and commend Him, speaking well of Him. Sometimes you may bring Him thanksgiving or a psalm to praise His greatness. The psalmist in Psalm 150:6 even COMMANDS **"all that have breath"** to praise God!

As His children, we all have this ministry, namely to praise and worship Him. As we minister to Him in this way we will – **Enter His gates with thanksgiving and into His**

courts with praise: For the Lord is good; His mercy is everlasting; and His truth endureth to all generations. (Ps 100:4 and 5)

Remember that the basic difference between praise and worship is that praise is about what the Lord has done for you and worship is about Who He is.

To praise is to speak well of someone, to express appreciation of someone, to compliment, to build someone up. To worship is to hold someone in high esteem; to bow down before the object of worship. Worship is the highest form of praise. It is an attitude of the heart. We usually start with praise to the Lord and then move into worship. When considering the act of worship we look at three aspects.

Firstly, worship always comes from the heart. It is the respectful involvement of the human heart with its Creator. It is meditation and consideration and standing in awe before the holiness, greatness and worthiness of God.

Secondly, worship is spontaneous and sincere, and comes straight from a heart overflowing with love. There is no stirring up of the emotions. Our cup "runs over" with praise, as David says in Psalm 23.

Thirdly, worship is the outpouring of deep expressions of respect, reverence, awe, and love. While it is possible to love and to praise someone, we cannot WORSHIP a person. Our worship is only meant for the Lord who created us to worship Him, and who is the only One who is worthy of our worship!

Thou art worthy, O Lord, to receive glory and honour and praise: for Thou hast created all things, and for Thy pleasure they are created. Rev. 4:11.

This tells us that God is worthy to receive glory, honour and praise, and means that we are able to minister to, and bless God through, our praise and worship.

There are times during praise and worship when we may feel that we just want to wait upon the Lord, experience His presence and become aware of His glory. This is completely Scriptural, and we ought to wait upon the Lord often. Isaiah 40:31 says: **But those who wait upon the Lord will renew their strength. They will soar on wings like eagles; they will run and not grow weary, they will walk and not be faint.**

It is when we wait upon God that our weakness is exchanged for God's strength. We receive His strength. The psalmist knew about "waiting upon the Lord" and Psalm 62:5 says: **My soul, wait thou only upon God, for my expectation is from Him.**

Ps 130:5-6 says: **I wait for the Lord, my soul doth wait, and in His Word do I hope. My soul waits for the Lord more than they that watch for the morning.**

This might seem strange and new to some, because of a lack of knowledge about the subject, but I want to assure you that it is all Scriptural. I believe that more children of God are coming to an understanding of this truth, and I praise Him for this. The word tells us that Jesus is coming to fetch His bride, the true Church, who will spend eternity praising and worshipping Him and the Father. It also tells us that the praises in Heaven will sound like thunder!

Although it is impossible to be perfect, we are told to strive to be "without spot or blemish" when He comes to fetch us. (Eph. 5:27) It is up to us to respond to the Word of God which instructs us to worship Him in Spirit and in truth, and to follow in Jesus' footsteps as He is the only example of perfection. His Holy Spirit who indwells us, will guide and convict us, so that we might please the Father in all we do and say. As gratitude for His grace and for what He has done for us wells up inside us, and as we spend more time in fellowship with Him, we will learn more and more to minister to Him and to bless Him with our thanksgiving in praise and worship! It is when we praise Him and thank Him for His love, goodness and mercy, that we open the door and enter into worship. When we worship Him for who He is, we come into the very presence of God – His very throne room, and have fellowship with Him.

The Father-heart of God is then stirred, and, as we wait upon Him, He ministers to us, blessing us and revealing Himself to us in a mighty way! It is very simple, like a child spending time with a loving father, who in turn enjoys this special time with his child, wanting to meet his needs.

Praise, worship and fellowship with God although intimate and personal, can also take place in fellowship with other believers. At such a time we often experience the working of the Holy Spirit through the members of the Body as we are edified by a message in tongues, a prophecy, a word of knowledge or a word of wisdom.

Heb. 10:19 says: **Having therefore brethren, boldness to enter into the holiest by the blood of Jesus by a new and living way.**

Do you realise what this verse actually says? We can enter into the Holy of Holies, into the very presence of God because we have been washed clean by the Blood of Jesus! It is no longer only the high priest of the Old Testament who may enter the Holy of Holies once a year! Jesus has made a way for you and for

me to enter into the very throne room of God at any time, and as often as we so desire!

There is no better way to come into the presence of your Heavenly Father than through praise and worship. Did you know that Neh. 8:10 tells us that **"the joy of the Lord is our strength"?** Jesus wanted His disciples to know His joy, and we, as His disciples (believers) today, are included. Without the joy of the Lord, we become weak and feeble Christians, with no victory in our lives. This joy is stirred up in us by praise and worship, and it does not depend on our circumstances, as Jesus is the source of our joy. It comes from our faith and trust in our Heavenly Father, with whom nothing is impossible (Luke 1:37), and who has done so much for us, promising never ever to leave us.

In John chapter 17:13, as Jesus was praying, He says **..... and now I come to Thee; and these things I speak in the world, that they might have My joy fulfilled in themselves.**

This joy is our inheritance, because of Jesus. This joy is not dependent on our physical circumstances but is dependent on Jesus Christ our Lord and Saviour, who never changes.

Everything we have received from the Lord has been through our faith in Him - our salvation, deliverance from bondage, healing, baptism in the Holy Spirit and every other blessing. In the world we are told – "seeing is believing", but the Bible says – "believe first and then you'll see"! We believe, because the Word of God declares it, and because our Heavenly Father is trust-worthy. We believe His promises before they have come to pass, because He cannot lie. It is impossible to please Him without faith (trust). (Heb. 11:6). In Heb. 10:23 we read: **"Let us hold fast the confession of our hope without wavering, for He who promised is FAITHFUL."**

We confess with our mouths what we believe in our hearts (Rom. 10:10). It is important to believe in our heart what the Word of God says, and to declare it with our mouth, speaking God's Word with assurance. There is no better way to overcome doubt than by filling your mind and your heart with the Word of God, because out of the abundance of the heart, the mouth will speak. It is impossible to think one thing and say another. If there is doubt in your heart and mind it will be revealed in the words you speak, so begin to confess the Word of God out aloud. Faith comes by hearing the Word of God, and it will replace all doubt. It will not take long for your negative thoughts to change.

Joy works on the same principle. If you are feeling depressed and have reached a low point, start praising God aloud and singing His praises, this is especially effective in chasing away every spirit of heaviness, every bit of depression and all doubt! We spoke earlier about Ps. 33:13: **For praise from the upright is beautiful. Sing to Him with an instrument of ten strings. Sing to Him a new song; Play skilfully with a shout of joy.** Paul and Silas praised God while they were in prison, and the Lord performed a wonderful miracle for them. He opened the prison gates and made a way where there seemed no way.

The decision is yours alone, you CHOOSE to sing praises - it has nothing to do with your feelings or your circumstances! Remember that joy is not dependent on your circumstances, but comes from within, and is an inner quality, a fruit of the Holy Spirit (Gal 5:22) and a product of Christ in you, the Hope of Glory! You can have an inner assurance, peace and joy regardless of any situation. "Joy" differs from "happiness". Happiness is dependent on freedom from anxiety, problems, harmful circumstances and unpleasant people and situations. JOY, on the other hand, is the knowledge that **"He who is in us is greater than he** (devil) **who is in the world."** (1 John 4:4) Joy comes from trusting our Heavenly Father and believing His Word. Joy does not look at the outward problems but at God's solutions.

However joy is dependent on our obedience to Biblical principles, e.g. when we choose to praise God, He gives us His joy and peace in exchange for our sorrow and anxiety. Remember, we read in Ps 33:1: **For praise from the upright is beautiful –** Let the joy of the Lord become our portion!

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas,kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kanfaks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is:
(032) 552 5411
Ons het ook 'n internetadresenditis: www.stangerchristiancentre.com, u kan al onsboeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.
Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129



UIT ONS KANTOOR

Geliefde in Jesus,

Wanneer ons, ons hart aan Jesus gee en wedergebore word, word ons 'n nuwe skepsel volgens **2 Kor. 5:17: Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.** Ons het kinders van God geword, wedergebore deur Sy Gees in 'n splinter nuwe lewe, 'n nuwe manier van lewe, 'n nuwe manier om dinge waar te neem, 'n nuwe manier van dink en 'n nuwe manier om met dinge te deel.

God verseker ons dat Sy weë nie ons weë is nie, inderdaad sê Hy vir ons dat Sy weë baie hoër as ons weë is daarom moet ons leer om volgens 'n ander stel reëls te leef, Sy Goddelike reëls wat vir die wêreld en die ongeredde wat nie geestelike kennis of bewustheid het nie, na dwaasheid lyk. In die Geestelike ryk (wat regtig meer werklik is as die fisiese ryk en is Ewig, terwyl die fisiese wêreld eendag sal verby gaan), geld geestelike wette en wanneer ons aan die wette gehoorsaam is, sien ons God se Hand op 'n wonderbaarlike manier vir ons beweeg. Ek sal aan julle 'n paar voorbeelde gee om die punt te illustreer. As iemand jou skielik klap, sal die wêreld se reaksie wees om **hom dadelik terug te klap.** God se Woord sê egter vir ons om **die ander wang te draai.** As jy vind dat jy behoeftes het en nie weet wat om te doen nie, sou die wêreld se manier wees om op elke ding wat jy het, **te besuinig en te spaar,** terwyl God se Woord sê dat **as ons gee,** dit aan ons gegee sal word, Hy sal voorsien.

Die wêreld sê **wanneer jy sien** kan jy glo, terwyl God se Woord vir ons sê dat **wanneer ons eers glo** dan sal ons sien. Daar is baie meer voorbeelde in die Bybel wat voorkom asof dit die manier waarop ons eers gedink het en die manier hoe ons dinge gehanteer het toe ons ongered en nog volgens die wêreld se maniere opgetree het, weerspreek; en dit neem tyd vir ons om te besef dat ons denkwyse moet verander sodat dit in lyn met God se manier van dink kan kom. Die Bybel vermaan ons in **Rom. 12:2: En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.** Wat dit sê is dat ons denke vernuwe moet word sodat dit verander kan word, sodat ons God se weë kan ken; ons sal weet wat goed is, en aanvaarbaar vir God se volmaakte wil. Wanneer ons denke verander is na God se weë en Sy denke, sal ons nie langer met die wêreld se weë en denke ooreenkom nie wat ydel is, sê God. God se weë bring lewe, die wêreld se weë, alhoewel hulle logies mag klink, bring die dood. Hierdie waarheid lees ons in **Spr. 14:12: Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.** En dit word weer herhaal in Spr.16:25.

Die vernuwing van ons denke, sodat ons gedagtes in lyn met God se Woord kom, is noodsaaklik as ons in die Gees wil wandel en oorwinnende lewens wil leef terwyl ons op Aarde is, en veral in hierdie moeilike tye. Ons doen nie vir God enige guns deur 'n kwaliteit besluit te neem om ons denkpatroon te verander om in lyn met Syne te kom nie, ons bewys onsself die guns! Indien ons **denke** nie verander nie, sal ons **gedrag** nie verander nie en dit is die kern van die hele saak. Om God se beste in ons lewens te ondervind, en om te sien hoe Sy beloftes 'n werklikheid word, is dit noodsaaklik dat ons beheer oor ons gedagtes neem om dit in lyn te bring met die Woord. Ek suggereer nie dat dit 'n maklike oefening is nie, ook nie dat ons dit oornag sal bemeester nie, maar wat ek hoop en bid is dat elkeen van ons 'n ooreenstemmende poging sal maak om bewus te wees van wat ons dink en dan daardie gedagtes te ondersoek om te sien of hulle in ooreenstemming is of nie, met God se Woord. Dit moet dan 'n lewenswyse vir ons word. Onthou dat jou denke die slagveld van Satan is; dit is in jou gedagtes dat hy sy leuens en bose voorstellings plant, sy versoekings, vrese en ongeloof. Sy doel is om jou geloof af te breek en te kry dat jy aan God se Woord twyfel. Ons gedagtes van julle is van dankbaarheid aan die Here vir julle aanhoudende gebede, aanmoediging en ondersteuning op elke gebied; dit is gedagtes van liefde en waardering vir jul ondersteuning om ons te help om die Goeie Nuus van die Evangelie van ons Here Jesus Christus na 'n behoeftige wêreld te bring; en dit is gedagtes vergesel van ons ernstige gebede dat die Here julle sal seën en bewaar en dat Sy aangesig oor julle sal skyn en aan julle Sy vrede, blydskap en genesing sal gee vir altyd.

Baie liefde groete

Meg en die Gebedspan